

DINK SAAM OOR DIE VOLGENDE VRAE:

1. Het dit al met jou gebeur dat jy vir baie lank vir 'n spesifieke speelding gevra het vir jou ouers en aanhou vra het, tot hulle uiteindelik ingegee het en dit vir jou gegee het?
2. Het dit iewers in daai tyd wat jy so moes vra en aanhou vra, vir jou gevoel asof dit nie meer die moeite werd is nie en jy gaan moed opgee want dit lyk nie asof jy dit ooit gaan kry nie?

Die Bybel leer ons dat ons vir God op dieselfde manier kan aanhou vra vir goed totdat Hy dit vir ons gee. Dit maak egter duidelik dat alhoewel ons vir God vir enige iets mag vra, Hy ook graag wil hê dat ons saam met Hom moet dink oor al die dinge wat verkeerd of onregverdig in die wêreld is. Wanneer ons oor daardie dinge begin bid, moet ons egter geduldig bid. Dit beteken dat ons moet aanhou en nie ophou nie totdat dit gebeur waarvoor ons bid. Ons moenie sommer net moed opgee nie.

3. Watter dinge in die wêreld sien jy raak wat jou hartseer maak of wat onregverdig is?
4. Ek wonder of ons nie saam kan besluit om van vandag af oor daardie dinge te bid nie?
5. Die storie in Lukas sê dat ons moet aanhou bid vir al die verkeerde dinge wat ons sien al beteken dit ons moet daarvoor bid totdat ons eendag doodgaan. Sien jy kans om so geduldig aan te hou bid?

Probeer die volgende aktiwiteit:

Die lewe werk bietjie soos 'n moeilik raaisel. Net soos wat ons moet aanhou probeer totdat ons die raaisel regkry, so moet ons aanhou bid en doen totdat die wêreld 'n beter plek is. Kyk bietjie of julle die volgende raaisels kan regkry:

Beweeg het 1 vuurhoutje om die wiskundige som reg te maak:

Puzzle 81

$$8 + 6 = 5$$

Puzzle 82

$$8 + 5 = 2$$

Puzzle 83

$$10 + 5 = 4$$

Puzzle 84

$$25 + 6 = 29$$

Puzzle 85

$$35 + 6 = 25$$

Puzzle 86

$$10 + 0 = 2$$

Puzzle 87

$$14 - 7 = 15$$

Puzzle 88

$$30 - 7 = 31$$

Puzzle 89

$$66 + 5 = 57$$

Puzzle 90

$$29 + 15 = 0$$